



DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

TEMA-UITGAWE: DIE WÊRELDGESKIEDENIS DEUR GOD REGEER

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed [en kernwapens] nie, maar teen die bese geeste in die lug. (Efesiërs 6:12)

Ja, ons het almal seker al gehoor van hierdie nuwe verwickelinge in die wêreldgeskiedenis. Laat dit jou koud? Of lê jy bekommerd in jou bed en wroeg oor die moontlikheid van 'n kernoorlog?

Dink 'n slag daaraan. Nee, los dit maar, daar sal nie eers tyd wees om te dink nie.

Maar is dit wat die Here van ons vra? Sê Hy vir ons in Efesiërs 6:12 dat ons stryd teen vlees en bloed en teen kernwapens sal wees? Sê Hy vir ons dat ons teen Saddam Hoesein en sy magte sal moet veg? Sê Hy vir ons dat ons teen die moordenaars en rowers van hierdie land sal moet weerstand bied? Sê Hy vir jou dat jy daai boelie by die skool nou 'n slag goed moet gaan opdons?

Nee, die Here waarsku ons dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug. (Efes. 6:12) Ons stryd is teen satan en sy onderdane wat die aarde hulle woonplek gemaak het en hier rondgaan soos brullende leeu. Daarom veg ons nie teen die brullende Saddam Hoesein, of teen die brullende moordenaars en rowers van hierdie land, of teen die brullende boelie by die

skool nie, maar ons stryd teen die brullende, bese geeste wat agter al hierdie sonde sit. Dis daardie selfde bese geeste wat so dikwels probeer om in ons lewens 'n inbreuk te maak.

En alhoewel hierdie stryd hewig en bloedig is, benodig ons nie kernwapens om weerstand te bied nie, maar vir hierdie geestelike stryd benodig ons geestelike wapens; die volle wapensrusting van God, die borswapen van die geregtigheid, die skild van die geloof, die helm van verlossing en die swaard van die Gees, dit is die Woord van God. (Efes. 6:13-17) Ja, hierdie wapensrusting kry ons alleen van God af deur met alle gebed en smeking by elke geleentheid te bid (Efes. 6:18), want dis Hy wat die wêreldgebeure in Sy hand hou; Hy wat vanaf die begin daar was en ook tot die einde toe daar sal wees; Hy wat met Sy magtige hand en uitgestrekte arm ons uitgelei het uit die mag van die satan en ons sal inlei in Sy ewige koninkryk; 'n koninkryk sonder kernwapens!

Laat ons ook hierdie uitgawe van die Olielamp gebruik om God se hand in die wêreldgeskiedenis raak te sien; vanaf die begin tot die volmaakte einde.

Erik van Alten

INHOUD

God se Hand	Kan ons God se hand in die geskiedenis aantoon?	Prof Bennie v/d Walt	2
Die Ou Testament	Van skepping tot Christus – die werk van God	Magreet Moes	4
Die Nuwe Testament	Pinkster en vandag	Dirk Boon	6
	Perspektief op die 1000-jarige ryk	Axel Hagg	8
Die Wederkoms	Kan Jesus môre terugkom?	Lodewyk Ijlst	9
Die ewige lewe	Perspektief op die ewige lewe	Ria de Vries	11
	Die ewige lewe vandag	Jan van Houweligen	12
Maranata	Dol definisies		13
Kaapstad	Deur die sleutelgat		14
	Brief van ons au pair	Christine Scheltens	15
Rondvraag	Verjaarsdae		16

KAN ONS GOD SE HAND IN DIE GESKIEDENIS AANTOON?

Sommige Christene dink dat dit moontlik is om God se voetspore in die geskiedenis met 'n groot mate van noukeurigheid aan te toon. Wonderbaarlike uitredding sou dan 'n duidelike teken wees van God se hand in die gebeure. Teëspoed en rampe, daarteenoor, is God se waarskuwende vinger, 'n teken van Sy toorn.

Ons is met hierdie wyse van omgaan met die geskiedenis nie onbekend nie. Veral in tye van nood en krisis is moraliste van allerlei stoffasie baie gou geneig om die strawwende hand van God daarin te bemerk.

Nie in die gewone, normale loop van sake nie, maar in die opvallende, verrassende, buitengewone, opsiebare, skokkende, onverklaarbare gebeurtenisse word God se vinger

gesien. Sulke geleentheid sou 'n duidelike teken van God se regstreekse ingrype in die geskiedenis wees. Die vraag is of hierdie so geliefde manier van dink wel korrek is.

Probleme met God se fragmentariese ingrype

Oppervlakkig?

Is dit nie 'n baie oppervlakkige geskiedenisbeskouing wat, so gou iets nie begryp of verklaar kan word, God dan as verklaring gebruik nie? God moet nou die "gaatjievuller" word. God is egter nie daar om gebruik te word nie, maar om *gedien* te word.

Subjektief?

Word hier nie van 'n persoonlike, subjektiewe ervaring van die wêreldgeskiedenis uitgegaan nie? Op hierdie wyse word God se ewige, ondeurgrondelike raadsplan met jou eie, beperkte, gebrekkige mening vereenselwig! 'n Nederlandse skrywer wys daarop dat Frankryk, België en die suide van Nederland reeds in 1944 bevry is, terwyl bevryding vir die noorde van Nederland eers in Mei 1945 aangebreek het – na 'n verskriklike hongerwinter. Was die goddeloosheid en die afval in die noorde van Nederland groter as byvoorbeeld in Frankryk? As dit op my buurman se plaas hael, mag ek dit (sonder om dit te sê) as 'n straf van God op sy hoogmoed sien? Maar wat daarvan as hy reën kry, en my koring staan en verdroog?

Onbarmhartig?

Word dit nie 'n bietjie hard nie? Ek bepaal wat verkeerd is; *ek* staan gereed met God se strawwe en oordele oor wat *ek* as ongeregtigheid, dwaling, sonde sien. Word God nie hier voor ons karretjie gespan nie?

Afgesien daarvan wil dit tog lyk of met groter "entoesiasme" God se oordeel – eerder as sy genade – aangetoon word. Is ons nie meer daartoe geneig om waarskuwend op God se strawwe te wys, eerder as om verwonderd sy genade te bemerk nie? Spreek die Bybel nie dalk

Redaksies:

Pretoria:

Redaktrise: Marieke de Wit
(marieke@global.co.za)

Sekretaresse: Iemke Buenk

Penningmeester: Johan Moes

Lede: Rinus Kamphuis
Tineke de Vries

Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:

Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@getafix.ef.techpta.ac.za)

Penningmeester: Gerjan Hagg

Lede: Annemarie de Vente
Axel Hagg

Kaapstad:

Artikelversorging: Dirk Boon
Erik van Alten
(luctor@mweb.co.za)

Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond

Bladuitleg: Maartje Eefting

Johannesburg:

Redaktrise: Esther Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)

Lede: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Marie-Louise Kuyvenhoven

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
<http://members.tripod.com/~dieolielamp/>

Koste: R35 per jaar

meer van God se genade nie? 'n God wat wil dat niemand verlore sal gaan nie?

Aanmatigend?

In hierdie visie op die geskiedenis word ons kennis oorskat, omdat – volgens ons beperkte insigte – die finale goddelike oordeel vooruitgeloop word.

Is dit nie ontsettende verwaandheid, oormoed as 'n mens voorgee dat hy met sy gebrekkige

menslike verstand in staat is om God se verborge weë op die kaart van die wêreldgeskiedenis aan te wys nie? Hou so 'n mens nog rekening daarmee dat hy mens is en nie God nie? Weet hy nog wie God is? Iemand wie se weë nie ons weë is nie en wie se gedagtes nie ons gedagtes is nie? Die gange van God se voorsienige bestel sal ons nooit deursigtig kan maak nie.

Simplisties?

'n Duidelike teken van hierdie beperkte, menslike denkwysie is ook die simplistiese skema wat gebruik word. Voorspoed word steeds as teken van Gods guns en teenslag as teken van God se toorn gesien.

Op talle plekke in die Bybel is dit egter duidelik dat voorspoed geen seën hoef te wees nie en teenspoed geen straf nie. Juis die teendeel is dikwels die geval.

Talle gelowiges in die Bybel het met dié probleem geworstel:

Josef moet 'n moeilike weg gaan: as slaaf verkoop, onskuldig in die gevangenes gestop.

Job is 'n godvresende man, en tog verloor hy alles – ook sy eie gesondheid.

Paulus het 'n doring in die vlees wat hom voortdurend kwel.

As 'n mens God se bedoeling nie weet nie, ontstaan daar maklik misverstande, verkeerde interpretasies. Die lyde van Josef, Job, Paulus was nie 'n straf nie, maar God het 'n hoër bedoeling daarmee gehad.

Voorspoed is nie steeds gunstig en teëspoed ongunstig nie. Welvaart en geluk kan ook verleiding beteken, en gebrek en leed kan ook 'n middel tot loutering wees. Miskien moet ons meer oor onself bekommerd wees as dit goed gaan, as wanneer ons krisistye beleef. In tye

wanneer daar geen wokie aan die lug is nie, kan ons dalk makliker van God vervreemd raak.

Fragmentaries?

As 'n mens net in die buitengewone, opvallende, verrassende gebeurtenisse God se hand of vingersien en sy sprake hoor, dreig die gevaar dat ons

sy leiding in die geskiedenis oneindig beperk en versmal. Die Skrif leer duidelik dat dit juis God se voortdurende

teenwoordigheid is wat ook die geskiedenis saambind en daarvan 'n sinvolle eenheid maak. Sy voorsienigheid gaan oor alles: ook die klein, onbenullige dinge – soos die hare op my kop. God het nie maar die wêreld geskep en dit – soos 'n horlosie – laat afloop, terwyl Hy dit net af en toe weer opwen, skoonmaak of herstel nie. Hy werk. Hy dra alles van oomblik tot oomblik.

Volstaan met die geheimenis

Ek het geen bedenkinge teen die belydenis dat God alles bestier nie. Ek het wel ernstige bedenkinge teen pogings wat sy onnaspeurlike bedoelinge wil vasstel. Ek weet dat dit moeilik is: die gelowige wil nie net God se leiding in die geloof *aanvaar* nie, hy wil so graag af en toe ook iets daarvan *sien*!

Dit is sekerlik nie verkeerd om dankbaar te wees oor die leiding van God wat jy in jou eie lewe bemerk nie. Geskiedenis – ook die persoonlike lewensgeskiedenis – moet vertel word **om God te verheerlik** (Ps. 78:3,4; Ps. 105; Ps. 106).

Die eerlike navorser erken die diepe misterie van die geskiedenis. Ook vir die gelowige bly die geheim, die goddelike geheim, in die geskiedenis. Die belangrikste vir ons om te weet is dat God in die geskiedenis besig is om die wêreld te verlos van kwaad, sonde en sinloosheid. God is besig om sy gevalle skepping te herskep, om Sy ryk te bou.

En dat alle dinge ten goede meewerk vir diegene wat in Hom glo, is 'n geloofsuitspraak waaraan ons vashou.

(Verkorte artikel van Prof Bennie van der Walt, Die Kerkblad – 20 April 1994, Potchefstroom)

VAN SKEPPING TOT CHRISTUS - DIE WERK VAN GOD

Magreet Moes

Hierdie tydperk (beskryf in die OT) staan bekend as die **Bybelse geskiedenis** en openbaar God se voorbereiding op Sy verlossingswerk in Jesus Christus.

Dit kan soos volg ingedeel word:

- Die voor-Israëlitiese geskiedenis.
- Die ontstaan en vorming van die volk Israel.
- Die staat Israel, die ryke Juda en Israel.
- Die volk in ballingskap en sy terugkeer.

Die voor-Israëlitiese geskiedenis

Die skeppingsverhaal is nie om dowe neute in die Bybel opgeteken nie. Dit toon God se verhouding met die wêreld van die heel begin af. Daar was en is nie plek vir 'n ander god nie. God het alles begin en is steeds daarmee besig.

In die OT tree Hy as 'n steeds skeppende Heerser op. Na die mens se sondeval, rig God 'n verbond op. 'n Verbond wat Sy kinders van die ewige dood red. Deur die geskiedenis van Noag en die sondvloed maak God ook duidelik dat Hy planne met die wêreld het. Hy gee die mens nog 'n kans, want Sy genade is groot.

Die ontstaan en vorming van die volk Israel

By Abraham begin ons sien wat God se plan is. Hy wil vir Hom 'n volk versamel. Hy lei die nageslag van Abraham, nl. Jakob en sy seuns, so dat hulle gaan woon in Egipte. Moses se geboorte en behoud is 'n wonder wat God bewerkstellig het. Sy volk sal hul eie land hê waar hulle Hom ongestoord kan dien. God maak Sy kinders vry van slawerny, nog steeds!

In die woestyn moet die Israeliete leer Wie hulle Herder is, dat Hy alles *gee* wat nodig is, maar ook

vra. God eis absolute gehoorsaamheid. Hulle het Sy belofte geken, en met groot verwagting op die Koning gewag.

In Kanaän laat Hy hulle nie aan hulle lot oor nie. Hy stuur rigters (bv. Gideon) en nasireërs (bv. Simson) om die Israeliete die pad te wys. Solank hulle Hom gedien het, het dit besonder goed met hulle gegaan. Terwyl die volk bid om die Verlosser, sit God nie stil nie. Rut bring 'n kind in die wêreld met die naam Obed. Obed word die vader van Isaï en Isaï word die vader van Dawid.

Die staat Israel, die ryke Juda en Israel

Die volk vra vir 'n koning en God is geduldig met hulle. Samuel salf die eerste koning, en ook die tweede: Dawid. Dawid lei die volk in die weë van die Here, maar pleeg owerspel met Batseba. Tog bly God getrou aan Sy Verbond en gee vir hulle 'n seun, Salomo. Salomo bou die tempel en die volk woon in vrede onder hom. Maar hulle kom in opstand toe Rehabeam sy vader wil opvolg en hulle nie wil ontlaas van belasting en verpligte arbeid weg van die huis nie. Jerobeam verteenwoordig die ontevrede volk en hy word verkies as nuwe koning oor die tienstammeryk, Israel. Rehabeam regeer oor die res, Juda.

Vyandskap en verdeeldheid heers onder die volk wat God saamgestel het! God word toornig en

laat slegte konings oor die volk heers. Dan tree Sy barmhartigheid weer op die voorgrond en stuur Hy reformators.

Koning Asa van Juda het reformasiewerk gedoen.

Deur die profeet Elia laat God Sy hardkoppige volk in diep ontsag voor Hom kniel as

Hy vuur uit die hemel stuur om die offer aan Hom te

verteer.

Koning Josafat se vyande het mekaar uitgeroei, omdat hy die naam van die Here aangeroep het. Elisa tree as profeet op.

Jehu suiwer die land van afgodediens.



Amasia het gedoen wat reg was in die oë van die Here.

Jerobeam II word koning van Israel, maar leef nie volgens God se wil nie. Tog het dit goed gegaan met die volk, ter wille van 'Abraham, Isak en Jakob'.

Die profeet Amos tree op en verkondig sosiale geregtigheid, veral omdat rykes armes onregte aangedoen het.

Hosea trou met 'n hoer om die ontrouheid van die volk te illustreer.

Omringende volke word ook ingesluit by God se raadsplan. Ninevé van Assirië word gespaar na Jona se verkondiging, omdat hulle Israel moes vernietig. Ons sien God se toorn as Israel vir Juda verslaan en as krygsgevangenes wegvoer. Jesaja gee die Immanuel-teken van God aan die volk (vervul in Matt. 1:23). Assirië verslaan Israel en Hosea regeer oor Israel. Gelukkig is daar weer 'n ligpuntjie in die geskiedenis: Hiskia word koning van Juda en heropen die tempel! Daarom spaar God Jerusalem van verwoesting. Sy engel vernietig die hele Assiriese leër.

Miga profeteer oor die Messias se geboorte in Betlehem (vervul in Matt. 2:5). Die goddelose Manasse regeer Juda, maar Assirië neem hom gevange. Hy bid tot God en bekeer hom. God herstel hom in sy koningskap en hy verwyder al die afgodiese instellings in die land. Josia volg hom op en was 'n groot reformator. Hy laat die tempel restoureer en sodoende word die wetboek gevind. Wat 'n skok was dit nie toe dit voorgelees is aan die koning en aan die volk nie. Die volk het vir die eerste keer in 'n lank tyd weer pasga gevier.

Die volk in ballingskap en sy terugkeer

Egipte (Nego) regeer oor Juda, totdat Nebukadnesar oorneem en koning Jojakim word weggevoer. Jojagin word koning van Juda en die ballingskap begin. Sedekia volg op as koning. Die res van die volk word weggevoer in ballingskap na Babel. Tempelskatte word geroof en Jerusalem se mure omgegooi. Dit lyk of God

se volk uitgesterf het en Sy planne gefaal het. Maar Hy gaan verder. Hy stuur profete Sefanja, Nahum en Obadja.

In ballingskap het die volk 'n geestelike krisis ondergaan en hulle bekeer. Die wette en Sabbat is streng onderhou. Deur hulle geloof behou die volk hulle identiteit as Jode. So hou God hulle bymekaar. Esegïel tree as profeet op. Daniël se optrede en Nebukadnesar se gevolglike verootmoediging, versterk die Israëliete in hul geloof. Na 70 jaar se ballingskap verower Persië Babel, en Kores laat die Jode terugkeer. Die tempel en mure herrys. Haggai en Sagaria bemoedig die volk.

Ahasveros word koning van Persië en deur Hamman word die Jode amper uitgemoor. Maar God beskerm weereens sy volk, deur Ester se pleidoorie by die koning.

Die volk wandel weer volgens God se insettinge. Huttefees word weer gevier. Maleagi tree op as profeet en voorspel die koms van Johannes die Doper en Christus.

Alexander die Grote probeer die Griekse kultuur oor die wêreld versprei, maar dit word vermeng met die Oosterse kultuur. Die Jode moes hul godsdiens prysgee, maar hulle kom in opstand en vernietig die heidense altare. Die Romeine verower Palestina 63 v.C.

Jesus word gebore onder die Romeinse ryk. Die profesieë is vervul en God het Sy raadsplan deurgevoer. Die Verlosser is gebore uit 'n volk wat God gestig het, om versoening te doen vir alle volke!

Dr. J.H. Kroeze, Handboek BYBELSE GESKIEDENIS - Die Ou Testament
D. Guthrie, *et. al.*, THE NEW BIBLE COMMENTARY - Revised

PINKSTER EN VANDAG

Pinkster in die Ou en Nuwe Testament

Dirk Boon

In die Ou Testament was die Joodse Pinksterfees 'n fees van die oes, 'n fees van die eersteling van die oes (Ex. 23: 16). Dit gaan hier oor die volheid van die oes en die insameling daarvan. Die volk het dit gedoen in dankbaarheid en afhanklikheid van die Here hulle God, omdat Hy vir hulle sorg.

In die Nuwe Testament vind ons hierdie tema van die volheid van die oes weer terug met Pinkster. Dit gaan hier oor die volle oes van die verlossingswerk van Christus.

In Joh. 12: 24 word die werk van Christus vergelyk met dié van 'n koringkorrel wat in die grond val en sterf. Dit dui op die lyding en sterwe van Christus aan die kruis. Pinkster is egter die vrug van die verlossingswerk van Christus. As vrug van sy lyde en sterwe het Christus die Heilige Gees verwerf, wat in ons woon en ons deel maak van die oes wat Christus ingesamel het.

Die uitstorting van die Heilige Gees.

Die Handeling van die apostels (die boek Handeling) begin met Pinkster, die uitstorting van die Heilige Gees (die Trooster) wat Christus beloof het na sy hemelvaart. Vanaf Pinkster, dwarsdeur die boek Handeling, tot en met vandag en nog verder in die toekoms tot en met die wederkoms, gaan daar 'n koninkryk opgerig word op aarde. Die koninkryk van die verhoogde Christus. Daarom kan die boek Handeling ook die Acta Christi (die Handeling van Christus) genoem word.

Die hemelvaart van Christus was die troonbestyging van Koning Jesus in die hemel aan die regterhand van God. Hy is 'n Koning met mag en met 'n koninkryk. Aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde (Matt. 28). Maar 'n koning kan nie sonder onderdane en 'n ryk nie. Daarom is Pinkster die realisering van hierdie Koninkryk van God op aarde (Hand. 2: 33). Die ryk van God is nou hier in die aanwesigheid van die Heilige Gees, in Wie die Vader en die Seun onder sy volk kom woon het (Joh. 14: 33; Ef. 2: 22). In die Ou Testament het God onder sy volk gewoon in die tabernakel en die tempel. Hy was by sy volk, maar tog nog afgesonder in die Allerheiligste omdat Hy heilig is, en sy kinders

met die sonde besmet. Alhoewel die offers versoening bewerk het, was dit nie volmaakte offers nie. Maar nadat Christus die volmaakte offer aan die kruis gebring het, kom God IN ons woon deur die Heilige Gees. Ons as sy volk word nou die tempel waarin Hy woon (Ef. 2: 22; 1 Kor. 6: 19). So volmaak was die offer van Christus dat God die Heilige Gees (as deel van die drie-enige God) onder ons laat woon! Ons is nie beter mense as dié van die Ou Testament nie, daarom mag ons die Here soveel te meer dankbaar wees vir die feit dat ons mag deel in die offer van Christus (deur die Heilige Gees) vir ons sondes, wat KLAAR gebring is.

Die Heilige Gees kan net een keer ontvang word in sy volheid. Dit beteken eintlik dat ons nie kan besluit hoeveel ons van die Heilige Gees soek nie. Hy woon heeltemal in ons, beheers ons totaal en al. Ons glo tog dat die Here ons uitverkies het, en nie anders om nie. En met die Heilige Gees bou Christus aan sy ryk op aarde. Met kragte wat volgens die Bybel vergelyk kan word met skeppingskragte, word sondige mense herskape om deel te wees van God se Koninkryk hier op aarde. God bou vir Hom 'n Koninkryk op aarde. Dit beteken nie dat sy kinders dan bloot lewelose klippe is wat deur 'n almagtige wese so gemanipuleer word om in te pas in die koninkryk nie. God sou in sy almag al lankal sy koninkryk kon voltooi het. Maar Hy wil ons as mense gebruik, met ons vermoëns en talente om te help bou aan hierdie Koninkryk, en om sy Naam in ons te verheerlik. Uit dankbaarheid vir sy verlossing WIL ons ook onself heeltemal inspan vir die voltooiing van sy Koninkryk. Maar al wil ons, kan ons nie altyd nie. Daarom moet en mag ons bid dat die Heilige Gees kragtig in ons werk (volgens die maat en tyd soos God dit wil, Dordtse Leerreëls hfst. 1, par. 12) om ons meer en meer diensbaar te maak in sy Koninkryk.

Die doel met die vervulling van die Heilige Gees

Dit is verder belangrik om te kyk na die doel van die vervulling met die Heilige Gees in perspektief met die Koninkryk van Christus hier op aarde.

1. Die Heilige Gees skenk aan ons die openbaring van God. Dit kom na ons deur sy Woord. Die openbaring van God aan ons is die heilswerk wat God in Christus bewerk het vir sy kinders! Die Gees leer ons om die Woord van God te verstaan (1 Kor. 2: 7,10). Te alle tye van die aardse bestaan en ook in die ewige lewe bly hierdie openbaring van God presies dieselfde!
2. Die Heilige Gees bring die gelowige tot 'n dieper insig in die kennis van God (Ef. 1: 17-20). Die Gees leer ons dus ook om die God van die Woord te verstaan. Die Here is onveranderlik, en sal so bly vir altyd, ook in die nabye en verre toekoms. Wat 'n troos is dit nie vir ons nie.
3. Die Heilige Gees is absoluut noodsaaklik, omdat Hy die Bewerker is van innerlike versterking (Ef. 3: 16, 17). Die gelowige ontvang hierdeur krag om die stryd teen die sonde, die duiwel en die bose wêreld te kan stry. En die versekering is daar dat waar die Gees versterkend inwerk, sy oorwinning verseker gerealiseer sal word.
4. Die Heilige Gees is verder die Bewerker van die geestelike vrug in die lewe van die gelowige. Krag om die lewe van die vlees af te lê (Gal. 5: 19), en om in plek daarvan die vrugte van die Gees voort te bring (Gal. 5: 22): liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (sien ook DL, hfst. 1, par. 12).
5. Die Heilige Gees kry seggenskap oor, en beheers die daaglikse lewe van die gelowige en die verhoudings waarin hy staan: man en vrou in die huwelik (Ef. 5: 22); verhouding tussen ouers en kinders (Ef. 6: 1) en oor die verhoudings in die samelewing, owerhede ens. Ef. 6: 5).

6. Die Heilige Gees is nodig om mee toegerus te word vir ampswerk. In die gemeente van Christus, waar Hy sy kinders in sy Koninkryk bewaar, gee Hy gawes om hierdie gemeente te versorg, ook in die toekoms in, tot op die laaste dag!

Hoe gaan die toekoms lyk?

Die toekoms lyk altyd donker as mens kyk na hoe die wêreld aangaan sonder God. Mens sien dit op die TV, in die films, as mens luister na musiek. Dit kan mens heeltemal oorval en as't ware verlam. Dan is mens geneig om te sê: "Here, ek kan nie meer nie, los maar, ek sien nie meer kans nie, ek is te swak..."

Onthou dan bo alles: Aan Christus is gegee ALLE mag in hemel en op aarde! Hy is ons Here in die hemel. En Hy rus ons toe met die Heilige Gees en gee aan ons die volle wapenrusting wat ons nodig het om te LEEF in hierdie wêreld, en om ons eie swakhede te bowe te kom.

En dit is inderdaad ongelooflik mooi en versterkend as mens SIEN hoe die Gees werk in en om ons heen. Die Here het ons nie blind daarvoor gemaak nie. Ons mag dit aanskou en God se Naam daarin verheerlik!

Laat ons dan sonder ophou bid dat die Here ons sal toerus met die Heilige Gees (wat klaar onder ons is) om te mag dien in sy Koninkryk as medewerkers daaraan. Laat ons God ook deurgaans dank vir die sy werk in Christus, en vir die wete dat Hy sy kinders op hierdie aarde sal bewaar! En vir die feit dat sy oes klaar ingesamel is en dat ons deel daarvan mag wees.

Boek gebruik:

Floor, L. 1979. *Hy wat met die Heilige Gees doop*.

Pretoria: NG Kerkboekhandel

PERSPEKTIEF OP DIE 1000-JARIGE RYK (OPENB.20)

Axel Hagg

Nie lank gelede is ons weer sterk onder die indruk gebring van die hemelvaart van Christus, en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Dit was twee baie vreugdevolle dae vir baie Christene reg oor die hele wêreld. Ook omdat die vertrek van Christus na die hemel om vir ons plek te gaan voorberei, insluit, dat Hy weer gaan terugkeer om ons tot Hom in heerlijkheid op te neem.

As ons nou Openb. 20 lees, kom daar 'n ander saak aan die lig. Johannes vertel van 'n 1000-jarige ryk. En onmiddelik is ons dan geneig om te sê: "Ja, maar die saak oor die 1000-jarige ryk is te moeilik om te begryp, en om daaroor te gaan diskusiëer, gaan nie iets aan ons sieleheil verander nie...!" Tog het die gedeelte in die Bybel oor die 1000-jarige ryk 'n sterk band met ons vreugdevolle herdenking van Christus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees.

Nou hoe dan? Graag wil ek dit as volg probeer uiteensit:

'n Bepaalde groep mense, genaamd die Chiliaste, glo dat daar 'n opstanding van die dode is, voor die Groot Opstanding op die jongste dag, en 'n ander wederkoms van Christus, voor die Groot Wederkoms. Hulle glo dat Christus in die eerste opstanding net die gelowiges sal opwek en dan 'n aardse koninkryk sal oprig waarin Hy en die gelowiges duisend jaar lank sal regeer. Satan sal dan niks kan doen nie, aangesien hy opgesluit is. Daarna sal Satan losgelaat word en weer opnuut tot aanval oorgaan, saam met die Gog en die Magog. Daarna sal die laaste oordeel plaasvind. Onderhewig aan hierdie siening is o.a. die sogenaamde "herstel van die Joodse/Israelse staat" en die "hernieude oprigting van Salomo se tempel in Jerusalem."

Met bogenoemde siening kan ons niks anders doen, as om dit van die hand te wys nie. Hierdie

visie hou geen rekening met die simboliese uitkyk van die boek Openbaring nie. Net soos ander getalle, is die getal 1000, 'n simboliese getal. 'n Simbool van volkomeheid.

Nou hoe moet ons dit dan verstaan en wat het dit met ons pinksterdagviering te make? Dit: dat van hierdie dag af, tot op die wederkoms van Christus, die 1000-jarige ryk sy uitwerking sal hê in hierdie wêreld. Pinksterdag is die begin van die einde. Satan is uit die hemel gewerp, hy is opgesluit. Dit beteken nie dat hy magteloos is nie. Hy sal ons nog steeds aanval, maar hy sal nie al die heidenvolke kan opsweep tot 'n gemeenskaplike opstand teen God se kerk hier op aarde nie. God verhinder dit. Op die manier is hy gebonde en in die afgrond gewerp, wat bo hom verseël is.

Die 1000-jarige ryk is deel van die heilsgeskiedenis van God, ons Vader. En ons mag deel wees van die heilsgeskiedenis van God!

Die opgevare Christus sit egter sy soewereine werk voort hier op aarde.

Wel val daar nog bloedgetuies, maar dié wat onder die wolke sterf in diens van Christus, sal bo die wolke saam met Hom heers. Hulle het getrou gebly tot die dood. Dit is die eerste dood. En die eerste opstanding is dan dat my siel na hierdie lewe tot Christus opgeneem sal word.

En as die duisend jaar voleindig is, sal Satan losgelaat word om saam met die Gog en die Magog(simbole van die kerk se vyande) oorlog te voer teen die kerk. Maar vuur sal hulle verteer voordat hulle werklik tot offensief kan kom! Daarna sal die eindgerig plaasvind.

Die verstaan van die 1000-jarige ryk is dus belangrik vir ons vandag, omdat ons midde in die ryk is. Dit is deel van die heilsgeskiedenis van God, ons Vader. En ons mag deel wees van die heilsgeskiedenis van God. Met ons oog gerig op Christus, verlangend na die Nuwe Dag en die einde van die 1000-jarige ryk!

KAN JESUS MÔRE TERUGKOM?

Lodewijk Ijlst

Dit klink na 'n vreemde vraag: is die Bybel nie duidelik genoeg as daar geskryf word:... *die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag* (1 Thess. 5:2) nie? Beteken dit eenvoudig dat ons niks kan sê oor hoe en wanneer dit sal gebeur, of is dit vir ons as gelowiges nie nodig om meer te weet as die feit **dat** Jesus terugkom? Is die gevaar nie groot dat ons net soos die Chileastiese beweging probeer om presies te voorspel wat en wanneer iets gaan gebeur nie? Dit is vir ons mos nie *nodig* om meer te weet nie?

Maar van die dag en die uur weet niemand nie... (Matt 24:36)

Nog so 'n duidelike aanhaling uit die Bybel, waaruit blyk dat daar niks bekend is oor wanneer die wederkoms sal plaasvind nie, tenminste as jy die res van die teks nie daarby lees nie. Jesus praat hier (Matt. 24, 25) nou juis oor sy wederkoms en wat dit vooraf sal gaan. Hy haal die geskiedenis van Noag aan, waar die mense ook maar net aangegaan het met hulle gewone lewe totdat die sondvloed gekom het. In Matt 24: 32,33 beveel Jesus ons: *En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien dat dit naby is, voor die deur.*

Lees nou nog 'n slag I Thess. 5:1-11: Paulus sê in vers 4 nou juis: *Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.* Hy maak die treffende vergelyking met 'n swanger vrou, wat deur barensnood oorval word: natuurlik weet sy (aan die tekens van haar liggaam) dat die geboorte naby is, maar as die tyd daar is, word sy tog onverwags daardeur oorval. Net soos iemand wat voorberei is op die koms van 'n dief nie daardeur oor-*val* sal word nie, so word ons ook opgeroep om voorbereid te wees op die Dag van die Here, sodat ons nie skielik daardeur oorval sal word nie.

Ons moet altyd waaksaam wees, die wederkoms kan elke dag plaasvind

In die lig van tekste soos *die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag* klink dit seker nogal aanneemlik, maar lees nou 'n bietjie 2 Thess. 2. Die Thessalonisense het die wederkoms

elke oomblik verwag, maar Paulus skryf aan hulle: *Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie - deurgees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees - asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word ...* (ens).

Voordat Jesus kan terugkom, moet daar eers nog ander dinge gebeur. Sou dit vir ons nou nog steeds 'n vraag wees: moet daar nog profesieë vervul word voordat Jesus terugkom? Is dit verkeerd om daarvoor na te dink, neem dit nie ons waaksaamheid weg nie, sodat ons in gemaksugtigheid sal dink: 'Ag, dit kan voorlopig nog nie gebeur nie, dus ons is nog veilig?' Dit is in hierdie verband goed om weer 'n keer Paulus se voorbeeld aan te haal oor die swanger vrou wat deur barensnood oorval word. Sy dink ook nie as sy twee maande swanger is dat die baba elke dag kan kom nie, sy weet dat daar nog 'n hele tyd moet verloop. Hierdie wete dat die geboorte nog nie daar is nie, maak haar nie minder 'waaksaam' nie, intendeel, die spanning word steeds hoër: eers moet nog ...

Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het (Joh 15:15) Onder andere deur mense soos Hal Lindsay (Die groot planeet aarde) het hierdie interpretering van profesieë in 'n slegte lig by ons te staan gekom. Ek dink nie dat ons ons deur sulke slegte voorbeelde hoef te laat afskrik nie; as Jesus aan ons sê om op die tekens van die tye te let, moet ons dit nie van ons afsit deur te sê dat mens die profesieë so maklik verkeerd kan uitleë nie. Hierdie insig wat ons gekry het in wat nog moet gebeur, is 'n **gawe** van God; as 'vriende' is ons van tevore ingelig oor wat nog gaan gebeur! Dit is veral 'n enorme voorreg om te mag weet wat Gods planne is. Al sal ons nooit presies weet wanneer die dag van die Here sal kom nie, het

ons tog sterk aanduidings oor wat dit vooraf sal gaan.


...totdat die volheid van die heidene ingegaan het... Israel nog 'n toekoms?

Met die slegte voorbeeld van die Chileaste voor oë is die vraag nou: wat kan en mag ons sê oor die laaste dae? Mag jy slegs redelik algemeen bly (oorloë en gerugte van oorloë), of kan jy ook baie meer spesifiek wees. Ek sou graag die oordeel daaroor aan julle self wil oorlaat; maar ek wil tog 'n voorbeeld gee.

Die toekoms van Israel is 'n geliefde onderwerp van die Chileaste. Hulle kan presies aan ons vertel wat in die eindtyd gaan gebeur: alle gelowiges, dooies sowel as lewendes, word in 'n oogwink opgeneem, waarna Christus 1000 jaar lank sal regeer oor die beloofde land. Dit is verstaanbaar dat ons gereformeerdes nogal huiwerig is vir dergelike voorspellings. Ons weet dat sedert die kruisdood van Christus daar geen onderskeid meer is tussen Griek en Jood nie; as jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word. Maar in Genesis lees ons Gods belofte aan Abraham: *En ek sal my verbond oprig tussen my en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou.* (Gen. 17:8). Moet ons nou hierdie belofte slegs geestelik bekyk: ons is in hierdie geloof kinders van Abraham? (neem ook Gen 12:3b *en in jou sal al die geslagte van die aardie gesën word in oorweging*)

In Romeine 9-11 spreek Paulus veral oor die Jode en die toekoms van die Jode. Paulus maak die vergelyking met 'n olyfboom: (11:17 vv) hy waarsku die 'heidene' dat hulle hul nie moet beroem omdat hulle, wat wilde takke is, op die olyfboom ingeënt is op die plek waar die Jode as regte takke, afgebreek is nie. In vs 25 profeteer hy: *Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddeloohede van Jakob*

afwend; en dit is van My kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem. (Rom 11:25-27). Gaan dit hier oor Israel in geestelike sin? Dit is moeilik om dit te verdedig, omdat juis hierdie hele stuk praat oor die teenstelling tussen Israel en die heidene.



Lees nou ook Matt 24:14, en wat dit vooraf gaan: *En hierdie Evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom.* Ook hier lyk dit sterk daarop dat daar 'n einde kom aan die genade oor die heidene wat begin het op Pinksterdag.

Esegiël 36-39 is 'n uitgebreide profesie oor die laaste dae. Let veral op Es 36:23-26: *En Ek sal my grot Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontreinig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken. En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word ...*(ens). Lyk dit nie asof hierdie profesieë besig is om in vervulling te gaan in die laaste helfte van hierdie eeu, met die ontstaan van die staat Israel, die enorme verval van die Christendom veral in Europa, wat altyd die sentrum was van die Christelike geloof nie?

Hierdie artikel is nie bedoel om as aansporing te dien vir toekomsvoorspelling uit die Bybel nie, maar juis om ons in ons geloof te versterk; God het ons so lief (as vriende) dat Hy ons ook vertel het wat sy plan met die wêreld is. Hoe nader ons by die dag van die Here kom, hoe duideliker ons dit kan sien aankom; dit is natuurlik treurig dat dit so agteruit gaan met die Christendom, en natuurlik moet ons daarvoor bly stry, maar tegelykertyd mag ons weet dat Gods raadsplan besig is om vervul te word! *En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar* (Op. 22:6-7).

PERSPEKTIEF OP DIE EWIGE LEWE

Ria de Vries

Hoe dikwels vra ons onself nie af oor hoe die dooies opgewek gaan word en met watter liggaam hulle gaan opstaan nie? (1 Kor. 15:35) Dit is tog so moeilik om te glo dat ons met liggaam en al sal opstaan. Maar so is daar baie ander dinge wat vir ons onverstaanbaar is, soos o.a. die vergewing van sondes. Ons kan nie alles begryp nie, maar kan wel deur geloof weet dat dit ook met ons sal gebeur.

Paulus sê in 1 Kor. 15:44 dat 'n geestelike liggaam opgewek sal word. Een wat volkome gesond, sterk en volmaak skoon sal wees. Ons weet dat ons na die dood die ewige lewe sal binnegaan omdat ons ons naaste liefhet. (1 Joh. 3:14)

Ons het altyd met katkesasie en ook by die huis geleer dat die ewige lewe op die Jongste dag begin. Maar ons kan dit nou alreeds in ons hart voel. (Son 22 vr. 58) Telkens by die lees van God

deur die twee sakramente, nl. die doop en die nagmaal. Om geestelik te lewe is om deur die Heilige Gees die lewende gemeenskap met die Here te hê, soos ons dit ook nou al tot uiting bring in ons gebed. Hemelse lewe is die gevoel wat ons nou al in ons hart ervaar, asook die wete wat die Here ons in ewigheid sal gee, nl. deelhê in die bruilof van die Lam en deelhê in die gemeenskap met Christus; God en mens in een persoon. Ewig beteken hier: nimmer eindigend en ook hoogs intensief, ten volle.

Die lewe met God gaan ons fantasie geheel en al te bowe. (1 Kor 2:9) Ons probeer vir ons 'n beeld vorm van hoe dit moontlik kan wees. Gaan ons elke dag lofliedere vir God sing? Ons kan onself baie dinge inbeeld, maar dit sal nie naastenby soos die werklikheid wees nie.



se beloftes, die oordenking daarvan en onder die prediking van die evangelie, voel ek alreeds die blydschap in my hart opkom. Dit is die uiting van die ewige lewe!

Nou vra ons nog steeds: "Wat is die ewige lewe dan?" Johannes vat dit saam deur te sê dat dit is om die Here te ken, die enige waaragtige God en Jesus Christus, wat hy gestuur het. (Joh 17:3)

Die sonde vorm 'n skeiding tussen ons en God. Maar deurdat Christus die sonde oorwin het, is daar nou weer gemeenskap met God. Lewe is om in geloof, gehoorsaamheid en in die liefde gemeenskap met God te hê. Dit word deur die Heilige Gees bewerkstellig deur die verkondiging van God se woord. Die woord word weer versterk

Daar kom totale goddelike glans en glorie oor die verheerlikte lewe. Geen sonde sal daar meer wees nie. Dan kan ons God uiteindelik volkome loof en prys. God is dan nie meer net 'n deeltjie van ons lewe nie, maar alles. Ons is geneig om God dikwels eenkant te laat. Ons het soms meer behoefte om ons eie sake eerste te stel i.p.v. dit wat vir die Here belangrik is. 'n Gunsteling film of program op tv is somtyds belangriker as jeugvereniging of die hou van huisgodsdienste of Bybellees. Die gewer van die ewige lewe word dan eenkant geplaas. Dit is egter veel meer die moeite werd om vir die ewige lewe te leef en daarop te hoop. Die toekoms dra jou lewe in alles!

DIE EWIGE LEWE VANDAG

Jan van Houwelingen

Wat gebeur daar met ons as ons te sterwe kom?
Alle mense oor die hele wêreld spekuleer oor hierdie vraag. As Christene is ons gelukkig, want ons hoef nie te spekuleer nie, want ons het die antwoord op hierdie vraag by die Here self gekry.

Ons leer uit die Bybel dat die gelowiges direk na hul sterwe na die hemel gaan. Die moordenaar aan die kruis byvoorbeeld, kry by Jesus te hore dat hy vandag saam met Hom in die Paradys sal wees. Paulus het ook aan die Filippense laat weet dat hy daarna verlang om te sterwe, want dan sal hy by Christus wees. In die Openbaring maak God aan ons bekend dat die siele van die gestorwenes, soos konings saam met Christus regeer (Op. 20:4) en van al hul arbeid kan uitrus (Op. 14:13).

In 2 Korintiërs 2:9 staan dat ons nie presies weet wat die ewige lewe is nie, maar dat God ons baie dinge aangaande die ewige lewe deur sy Gees bekend gemaak het. Daar staan ook dat God die ewige lewe berei het vir die wat hom liefhet. Onder die ewige lewe kan ons die ware kennis van en liefde vir God verstaan en dit alles tot in ewigheid. Wanneer ons ewig lewe is ons - die beskadigde beelde van God - weer volkome herstel en kan ons Hom weer volmaak vereer. In die ewige lewe sal ons 'n oorvloed hê aan alles wat nodig is vir ons geluksaligheid. Ons mag na die volgende dinge uitsien:

- nooit meer honger of dors of 'n verskroeiende son nie (Op. 7:16)
- onsterflik, want ons sal soos die engele wees (Luk.20:36)
- ons sal straal van geluk (Mat. 13:43)
- geen swakheid en verganklikheid nie (1 Kor. 15:42+43)

- 'n verheerlikte liggaam, gelyk aan die liggaam van Christus (Fil.3:21)



Die Here skenk aan ons die ewige lewe slegs uit genade. Ons verdienste (loon) op die sonde wat ons elke dag doen is die dood. Maar die genadegawe, 'n geskenk van God sonder enige verdienste van ons kant af, is die ewige lewe (Rom. 6:23). Ons kry dit deur die verdienste en betaling van die Here Jesus vir ons sondes. Slegs die uitverkore kinders van God kry die ewige lewe, want hulle word in hierdie lewe bekeer


Die ewige lewe begin in feite alreeds by die bekering van die mens hier op aarde.

Die ewige lewe begin in feite alreeds by die bekering van die mens hier op aarde. Alhoewel ons nie nou alreeds die volkome heerlijkheid soos hierbo genoem ervaar nie, is die begin van die ewige lewe nou alreeds aanwesig. Dit is so omdat ons nou alreeds die blydschap oor die vooruitsig in ons hart mag ervaar. Hierdie vreugde mag ook die waarborg vir ons wees, dat daar regtig 'n ewige lewe is. Die Here Jesus het self gesê dat die ewige lewe die kennis van God en van sy Seun Jesus Christus is (Joh.17:3). Na die opstanding van Lasarus het die Here Jesus gesê dat dié wat in Hom glo tot in ewigheid nie sal sterwe nie (Luk.11:26). Die ander kant is ook waar: vir die mense wat God en sy Seun nie ken nie, het die ewige dood ook alreeds begin.

Waar so baie mense die dag van hul sterwe vrees en nie die nut van die lewe en die wêreld insien nie, mag ons as Christene baie bly wees. Ons kan die wêreld en al sy probleme met 'n bly gesig reguit in die oë kyk, want ons weet dat wat daar ook gebeur niks tevergeefs is nie. Alles werk na die einde toe, die einde wat vir ons geen einde is nie!

DOL DEFINISIE





Rehobot

Gen 26:22 - "Nou het die Heilige van ons rianse gemaak."

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Wil julle weet wat in die Kaap aangaan? Natuurlik, wie wil nou nie weet wat in die Kaap aangaan nie. Wel, hier het julle dit dan.

Ek sal maar begin met die geldsake; dis tog al so 'n uiters belangrike onderwerp in vandag se lewe. Ons finansies loop voor die wind. Om 'n lang storie kort te maak: die meeste het geld en dié wat nie geld het nie, kry by dié wat wel geld het, sodat dié wat nie geld het nie ook geld het sodat almal geld het, sodat ons kan party. Met die jeug se finansies gaan dit ook baie goed. Ons laaste projek was 'n hamburger-verkope waar ons hamburgers en chips aan die gemeente verkoop het. Die komplimente wat ons gekry het, moedig ons aan om oor 'n maand of twee weer so iets te doen. Sommige van ons het aktief gehelp, ander het aktief gespeel. Ons was in elk geval aktief.

Met die kongresreëlings verloop dit ook klopdisselboom. Die markpryse van papajas en aartappels (klas A) is van dien aard dat ons solank hierdie groente aangekoop het. Riaan is inderdaad besig om vir ons die moeder van alle kongresse te reël. Hy probeer nog die vader kry, want wat is die moeder nou sonder die vader. Gepraat van die vader en die moeder, ons het ons kongresouers ook al georganiseer. Hulle is so jonk, dat hulle eintlik kan deurgaan as kongresjeug, maar hulle is heeltemal kapabel om die job te doen. Ons sê sterkte aan Ton en Janneke Roos. Ons het eintlik oorweeg om vir Marco en Sandra te vra. Vir dié wat nie weet nie, hulle gaan nou uit. Of gaan hulle nog nie uit nie? Wel, hulle is in elk geval bymekaar. Toe ons sien hulle is

bymekaar, wou ons hulle vir kongresouers gevra het, want hulle is so 'n pragtige couple saam, maar Marco het egter die perdry-toets gedop. Miskien volgende keer julle.

Met dié dat Marco 'n meisie gekry het, is die Kaapse tak van die BOJ (Bond vir Onopgeëiste Juwele) ook op sy knieë. Hoe gaan dit daar oorkant die Vaal met hierdie eens magtige organisasie?

Ons is nou amper klaar met die eerste halfjaar se vereniging. Ook hierin mag ons die Here dank vir Sy leiding deur hierdie kwartaal. Ons mog die werking van die Heilige Gees ervaar, veral ook tydens die pas afgelope mini-kongres saam met die Kerkraad. Ons het gepraat oor ons praktiese gebedslewe en hoe ons dit ook as middel van dankbaarheid teenoor die Here kan gebruik. Volgende kwartaal begin ons weer met nuwe stoom en ons hoop om dan die Wet van die Here te bespreek.

Op dieselfde dag as die mini-kongres het ons 'n baie geslaagde Safari-ete gehad. Die tema was die letter N. Dit het alles behels wat met 'n letter N begin, uitgesonderd normaal en ... naak!!! Al die nonne, nerds, ninjas en die een ou naartjie (dit was maar 'n kort naartjierokkie daai) ens. het om half ses by die kerk bymekaar gekom. En dit was nie verniet nie. Dit was 'n aand van groot pret. Die kos was heerlik en die gees was baie goed. Ons sê weereens dankie vir Monique en Padda wat die hele Safari-ete gereël het. Ons wil ook die gemeentede wat hulle huise beskikbaar gestel het om deur die jeug bemors te word, bedank. Miskien moet ons 'n geldinsamelingprojek reël en daardie



mense se huise teen betaling gaan skoonmaak.
Op dié manier skep ons ons eie werk.

Ons het hierdie maand ook 'n paar verjaarsdae gevier. Ons het onder andere by Marco gebräai. Wat hadden we toch een lol! Julle kan al die verjaarsdae op 'n ander plek in die Olielamp lees. Aan almal wat verjaar het, wil ons die Here se seën vir die komende jaar toewens. Mag Hy julle lei op al julle weë.

Op koffiedrink gaan dit ook nog goed. Ons het 'n paar weke terug by Ds. Breytenbach gaan koffie drink. Toe die jeug daar instorm, moes hy seker gedink het dat die Filistyne op hulle ramshorings geblaas het en gereed gemaak het vir die geveg.

Dominee, eintlik was dit net Morné wat sy toeter gedruk het.

Soos julle kan sien is die pret en plesier nog nie uit die Kaap nie. Op die oomblik is hy dalk net sluimerend a.g.v. daardie skrikwekkende, bonatuurlike, en uiters onaangename verskynsel wat hulle die 'eksamen' noem. Aan almal wat hulle hiermee besig hou: Baie sterkte! Mag dit goed gaan.

Ek groet vir eers
Dis Tossie Lochner vir VGKFM, Bellville.

BRIEF VAN ONS AU PAIR

Brief van Christine Scheltens

12 Mei 1998

Haai almal

Ek is vandag al presies 5 maande hier. Dit mag lank klink, maar dit het verby gevlieg. Ons broei op die oomblik uit hierdie plek. Die afgelope 3 dae is dit al 30C. Dis ongelooflik vir die tyd van die jaar, want dit is nog nie eens somer nie. Ons bly heeltyd onder in die huis, want bo is dit ontsettend warm. Die res van die week word dit gelukkig 'n bietjie koeler.

Ek is nou gevra om die brief te skryf, maar ek weet nie waar om te begin en wat ek alles moet vertel nie. Ek moet nou eers mooi dink, sodat ek alles in die regte volgorde kan skryf.

Soos meeste van julle weet; 'n au pair kry kos en inwoning en gemiddeld f500 per maand. Hierdie gesin het 'n au pair nodig gehad, want die ma studeer en loop saans klas en die pa is feitlik nooit by die huis nie. Hy werk in Brussel en kom net een keer 'n week en naweke huis toe.

My werkstye is soos volg:

11:30 Haal Eveline van skool

11:30 - 1:00 lunch

1:00 Bring Eveline weer skool toe

3:00 Haal Eveline van skool

3:00 - 4:30 Speel met Eveline of sy speel met 'n maatjie



4:30 Begin kos maak

5:30 Begin eet

6:45 Bad Eveline

7:15 Lees 'n storie voor

7:30 Eveline gaan slaap

7:30 - ? Babysit

Ek hoef nie heeltyd wakker te bly terwyl ek babysit nie, ek gaan slaap gewoon wanneer ek wil. Ellen se lestye varieer baie, maar meestal kom sy so 9:00/9:30 by die huis.

Eveline is nou 4 jaar oud. Sy gaan vanaf verlede jaar September skool toe. Die kinders hier gaan almal op die ouderdom skool toe, maar hulle is eers vanaf vyf jaar leerpligtig. Dis 'n mooi meisie, maar sy is nogal spoiled. Aan die begin het ek baie met haar gesukkel, maar nou gaan dit al hoe beter. Sy luister nou al 'n bietjie beter en as sy nie wil hoor nie, sorg ek net eenvoudig dat sy hoor!

Ek was presies 'n week hier, toe ek saam met die mense op vakansie gegaan het na die Franse Alpe. David se familie het 'n chalet daar wat opgedeel is in 3 aparte huise. Sy suster en haar gesin en David se ouers was ook daar. David se ma het my so 'n bietjie touwys gemaak met die ski. Dis nou beslis nie een van die maklikste dinge wat daar is nie. Dit het 3 keer gesneeu terwyl ons daar was. Dit is ontsettend mooi, dit lyk soos uit 'n prentboek. Ons het die 19e gery en die 31e weer terug gekom.

My ma was ook in Holland gewees van die 29ste Desember - 20 Januarie. Ek was dus elke naweek daar gewees, by my oupa en oma. Ek en my ma het lekker saam gaan 'shop' en onself dik geëet aan al die lekkernye.

In Februarie het ek vir my gaan werk soek by 'n uitsendburo, want ek was ontsettend verveeld gewees in die oggende. Ek het werk gekry by 'n blommeveiling net buite Utrecht. Ek werk nou al 3 maande daar.

Ek staan soggens al om 5:15 op, trek aan, eet en dan klim ek 6:00 op my fiets. Dis 20 minute se fiets tot daar. Ek begin om 6:30, so dan drink ons nog eers koffie voordat ons begin. Maandag, Woensdag en Vrydag is die besige dae; dan maak ons so 10:00 klaar. Op Dinsdae is dit so 9:00/9:30 op sy laaste. Dit begin nou al klaar besiger raak nou dat die somer aan die kom is. My oggende is dus gevul en in die middag het ek wel altyd iets om te doen bv. wasgoed vou, winkel toe gaan, kuier by my vriendin ens.

Die uitgaanslewe is hier baie nice. Daar is oor die algemeen 'n baie lekkerder atmosfeer in die bars dan by ons. Een ding waarvan ek baie meer van die Hollanders hou dan die Afrikaners is dat hulle baie spontaan is en hulle kyk ten minste nie

die heelyd na hoe ander mense lyk nie. Hier lyk jy soos jy wil en jy trek aan soos jy wil en niemand worry nie.

In April was hier Blues Route in Utrecht. Dan speel daar 'n klomp nasionale en internasionale blues bands in die strate en in sommige pubs. Daar was 'n paar goeie bands tussen gewees. 30 April was koninginne dag gewees; maar die aand van die 29ste was eintlik dié aand gewees. Dit was 'n malhuis gewees in die stad. Dit het gelyk of die hele Utrecht se mense daar was. Dit was ongelooflik gesellig en daar was 'n fantastiese sfeer onder al die mense. Daar was kermis ook, alhoewel dit baie klein was. Die mense was nog tot in die vroeë oggendure in die strate gewees. Koninginnedag self was nie so wonderlik nie; dit was eintlik baie boring gewees.

Oor naweke gaan ek maar baie na familie toe, want dan is hier nie veel om te doen nie, behalwe om stad toe te gaan, maar 'n mens het ook nie altyd geld nie.

Dit was nou in breë trekke wat hier gebeur. Ek sal nie weet wat om nog te skryf nie. Ek is op die oomblik besig om hard te spaar om die somer na Kreta toe te gaan saam met my vriendin.

As enigeen van julle meisies wil kom au pair doen volgende jaar of wanneer ook al; maak net eers seker van die gesin en praat met die vorige au pair.

Sterkte met al julle studies die res van die jaar, en aan dié wat al werk, lekker werk.

Liefde
Christine

RONDVRAAG - VERJAARSDAE

Maranatha:

Junie	22	Anneke de Jager	Mei	9	Anél Winterbach	Julie	1	Antionette Raimond
	24	Margreet Bron		19	Karen Douma		6	Marc Douma
	27	Johannes Kerkhoff		20	Jacques Kilian			
Julie	9	Hanno Miske		22	Marco Zielman			
				22	Willem van Dalen			Baie geluk met julle verjaarsdag.
				23	Dieuwke Douma			Ons hoop en bid dat die Here sal
				24	Sary van Renssen			bly omring met Sy liefde in die
Kaapstad								nuwe jaar. Geniet die dag.
Mei:	3	Sarel van Wyk	Junie	4	Diana Douma			
	5	Roseanne le Roux						